

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die Lewende Torah is. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

## Parashah 17: Yitro – Jetro

Yitro, die nie-Levietiese priester van Midyan, Mosheh se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Mosheh en vir Sy volk Yisra'el gedoen het; hoe יהוה Yisra'el uit Egipte uitgebring het. Ex. 18:1 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Exodus 18:1 tot 20:26.

**Haftorah:** Jes. 6:1 tot 7:6 en Jes. 9:5 en 6.

**Nuwe Verbond:** Matth. 5:17 tot 32; Matth. 6:1 tot 8:1; Matth. 19:16-30; John 14:15; Rom. 7:7 tot 12; Rom. 13:8 tot 10; Hebr. 12:18 tot 29; Jak. 2:8 tot 13; 1Joh. 2:3 tot 6; 1Joh. 3:4 tot 10.

**H**ierdie notas is aanvullend tot vorige jare se notas vir Parashah 17 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*Criticism, like rain, should be gentle enough to nourish a man's growth without destroying his roots – Frank A. Clark.*

*Truth is so obscure in these times, and falsehood so established, that, unless we love the truth, we cannot know it. – Blaise Pascal.*

*False teachers tend to avoid difficult truths such as sin, judgment, and repentance, and focus on what people want to hear, rather than what they need to hear. (Refer to Jeremiah 23.) False teachers provide layers of truth mixed with error, but even a broken clock is right twice a day. Today, when the truth of God's Word is spoken, people are often offended because they've been conditioned to hear "feel good" messages that do little in calling out sin – Shane Idleman.*

*Sin does not become righteousness because it is accepted by the majority – Anonymous.*

*There is nothing impossible with God. All the impossibility is with us when we measure God by the limitations of our unbelief. – Smith Wigglesworth.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

*Great faith is the product of great fights. Great testimonies are the outcome of great tests.  
Great triumphs can only come out of great trials. – Smith Wigglesworth.*

## Torah Bespreking

### Hersiening

Die hoogtepunt van die vorige week se Torahskriflesing was die deurtog deur die Rooisee. Die kinders van Yisra'el het op droë grond deur die see getrek (Ex. 14:22). En soos bespreek was, vergelyk Sha'ul ons eie wildernistog in hierdie wêreld met Yisra'el se deurtog deur die Rooisee as die doop in water en hul jarelange wildernistog met ons doping (vulling) met die Gees wat Afgesonder is (1Kor. 10:1-4).

<sup>1</sup>My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het,

<sup>2</sup> almal deur Moshe ingedoop is in die wolk en in die see.

<sup>3</sup> almal dieselfde geestelike kos geëet het

<sup>4</sup> en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was dié Gesalfde Een.

### Die Sinai Afspraak.

In hierdie week se Torahskriflesing kom Yisra'el by die berg Sinai aan waar יהוה 'n ontmoeting met hulle beplan het. Hierdie was Yisra'el se eerste baie belangrike afspraak met God nadat hulle uit Mitzrayim weg is en op hul tog na die Beloofde Land! God self het hierdie afspraak met Sy volk gereël en die doel was om Homself op so 'n wyse te openbaar dat elkeen, sowel as die nageslagte, die Karakter en Outoriteit van El-'Olam, die Ewige Magtige God, sal ken.

Hierdie Karakter en Outoriteit van יהוה word opgesom in die tien gebooie. Daarom is die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing die gee van die tien gebooie (woorde) wat elkeen wat teenwoordig was direk vanaf יהוה gehoor het en wat steeds deur die eeue weergalm!!

God het Yisra'el op arendsvlerke (Exo. 19:4) na Sinai gebring om daar met hulle 'n bloedverbond te sluit. Tot op hierdie stadium was Yisra'el nog deel van die verbond wat יהוה met Avraham gesluit het en met Yitz'gak en Ya'akov bevestig het.

Die grondslag van hierdie bloedverbond by Sinai word opgesom in יהוה se eie woorde aan die volk, naamlik:

<sup>5</sup>.....as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle 'n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne.

<sup>6</sup> Julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees.... Exo. 19:5-6.

יהוה wou van Yisra'el 'n koninkryk van priesters maak; 'n volk afgesonder vir Hom wat in die voetspore van Avraham sou stap – voetspore van vertroue en gehoorsaamheid!

Hierdie ontmoeting by Sinai is die enigste keer in die geskiedenis waar die hele Yisra'el 'n aangesig-tot-aangesig ontmoeting met יהוה die Almagtige gehad het! Die sowat drie miljoen Yisra'eliete het almal God se stem gehoor en niemand het getwyfel oor wat hulle gehoor het nie, want hulle het dit self direk van God gehoor!

## Bepeins of Bespreek

1. Diegene wat weier om die Shabbat te gedenk, en om dit af te sonder, ‘verander’ (doen afbreuk) aan die Karakter en Outoriteit van God en skep sodoende hulle eie (af)god. Is dit nie ook ‘n oortreding van die derde gebod nie (Ex. 20:7)? Is dit om jou eie onpartydige opregtheid op te rig; juis dit waarteen Paulus in Rom. 10:1-3 waarsku?!

## Gebod

Die Hebreuse woord *mitzvah* word vertaal as *gebod* of *opdrag*. Die grondwoord vir *mitzvah* is *tsavah* en beteken *op die hart druk; inskerp en saam bind*. Volgens Hebreuse denke is ‘n gebod (opdrag) ‘n wyse om ons aan God te bind en die wyse wat Hy Sy Karakter en Outoriteit by ons inskerp soos wat ‘n liefdevolle vader sy kinders sal onderrig. ‘n *Mitzvah* is die wyse hoe Vader ons op Sy paaie van onpartydige opregtheid lei, ter wille van Sy Karakter en Outoriteit (Ps. 23:3).

יהוה-God se gebooie (*mitzvot*) kan dus beskou word as ‘n liefdesverklaring. Daarom was die ontvang van die tien gebooie by Sinai ‘n liefdesverklaring soos dié van ‘n bruidegom aan sy bruid om te sê: “Ek het jou so lief dat ek in al jou behoeftes van gees, siel en liggaam sal voorsien en al wat ek vra, is dat jy net hierdie gebooie sal gehoorsaam”.

Die openingswoorde van die eerste gebod, naamlik “Ek is יהוה, jou God...” is dus ‘n uitnodiging aan die bruid om haar hart oop te maak om Sy gebooie met vreugde en dankbaarheid te ontvang en om dan Sy liefde deur gehoorsaamheid te beantwoord! Daarom het Yeshua gesê:

Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.” Joh. 14:21.

Ons bewys ons liefde en ons dankbaarheid aan ons Skepper-God deur Sy gebooie, soos in Yeshua vervolmaak is, te gehoorsaam!

Daarom sê die Apostel Johannes:

maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. 1Joh. 2:5.

Die tien gebooie is dus God se tien beloftes aan die mensdom!

### Die Tien Beloftes van God

(Geleen van Isak de Lange, aangepas deur Hein Zentgraf)

#### Eerste belofte

Ek is Yahuah jou God en as Ek die eerste plek in jou lewe inneem, sal jy geen ander gode wil dien nie, want Ek sal die ereplek in jou lewe hê!

#### Tweede belofte

As Ek in jou hart woon, sal dit nie nodig wees om enige gesnede beelde te maak nie, veral nie van My nie, want jy sal self My beeld dra!

#### Derde belofte

As jy My liefhet, sal jy My werklike Naam gebruik in aanbidding met eerbied en respek, maar dit sal nooit met minagting oor jou lippe kom nie, veral nie voor ongelowiges nie.

**Vierde belofte**

As Ek die ereplek in jou lewe het, sal My Shabbat die hoogtepunt van die week vir jou wees en iets waarna jy ses dae lank sal uitsien! Dit sal vir jou 'n vreugde wees om saam met mede-gelowiges My te aanbid op My voorwaardes en volgens My reëls.

**Vyfde belofte**

As Ek in jou lewe is, sal dit vir jou 'n voorreg wees om jou ouers te eer en lief te hê. Ek het hulle vir jou uitgekies soos ek jou vir My uitgekies het.

**Sesde belofte**

As jy My liefde jou eie gemaak het, sal jy nooit iemand wil seermaak of haat nie, wat nog te sê doodmaak!

**Sewende belofte**

As jy My liefhet, sal dit nie moeilik wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. As Ek 'n plek in jou huwelik het, sal julle vir mekaar lief wees en julle geluk sal Ek in My hande bewaar en vashou!

**Agtste belofte**

As Ek op die troon van jou lewe sit, sal jy daaglik vra: 'Aan wie en waar kan ek iets gee?' en jy sal nooit iets van 'n ander wil neem nie.

**Negende belofte**

As Ek in jou lewe is, sal jy nooit van ander mense wil kwaadpraat nie. Deur My Gees sal jy eerder ander mense ophef.

**Tiende belofte**

As jy een met My is, sal My Gees jou tevredenheid gee om vergenoegd te wees met wat jy het, met die besef dat God gee soos wat jy nodig het en wat Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat jy niks sal kortkom nie!

Die openingswoorde van die eerste gebod, naamlik "Ek is יהוה, jou God..." is 'n herinnering, asook 'n aanvaarding dat dit God is wat deur die onverdiende guns in Yeshua, dié Gesalfde Een, elkeen van die slawejuk van sonde bevry het. Dit is die intree gebod tot die ander nege gebooue. As Hy nie erken word vir wie Hy is nie, dan sal mense Hom nie gehoorsaam nie!!

**Bepeins of Bespreek**

1. Hebrew for Christians ([www.hebrew4christians.com](http://www.hebrew4christians.com)) verduidelik God se liefde soos volg:

*God does not love you based on your obedience, but his love for you will lead you to obedience... It is only after accepting that you are accepted despite yourself – despite your inherent inability to please God, despite your incurably sick heart, despite your disobedience, sin, and so on – it is only then that earnest, Spirit-enabled obedience may spontaneously arise within your heart. In that sense "obedience" is like falling in love with someone. It is your love that moves you to act and to express your heart, and were you prevented from doing so, you would undoubtedly grieve over your loss... Therefore the "law of the Spirit of Life in Messiah" is first of all empowered by God's grace and love. We walk by faith, hope, and love - these three. And this explains why the very first*

*step of teshuvah (repentance) is to love God: Shema! Va'ahavta et Adonai... The first work of faith is to believe in the miracle that God's love is "for-you-love..."*

2. Die hart van die wet is die Torah van liefde; net soos die hart van liefde die Torah van die goeie boodskap van die Koninkryk (Ewangelie) is (Joh. 15:12). Sha'ul herinner ons hieraan in Rom. 13:10 en Gal. 5:14. Verwys ook 1Joh. 2:9-10 en vra jousef: Is haat om my broer minder lief te hê as wat ek God en myself lief het? Het jy jou broer net so lief soos Vader-God en jousef?

## Shavu'ot En Daarna

Sewe weke na die uittog uit Mitzrayim staan Yisra'el gereed aan die voet van Sinai om יהוה se Torah te ontvang. Hierdie dag en gebeurtenis staan as *Shavo'ut* bekend – die Fees van Weke en in Hebreeus *Mattan Torah*, naamlik “die gee van die Torah”.

Die Christendom ken hierdie dag as Pinkster – wat vyftig beteken – en is bekend met die gebeure van daardie dag soos dit in Hand. 2:1-4 beskryf word, naamlik:

- 1 Toe die dae tot by die Fees van weke (Shavu'ot) voltooid was, was hulle almal as een bymekaar
- 2 en daar kom skielik uit die hemel 'n klank soos van 'n magtige stormwind en dit het die hele huis, waarin hulle gesit het, gevul.
- 3 Daar verskyn aan hulle tonge soos van vuur, wat self verdeel en op elkeen van hulle gaan sit
- 4 en hulle is almal volgemaak met die Gees wat Afgesonderd is en het begin praat in verskillende tale, soos die Gees aan hulle gegee het om te praat.

Maar weinig Christene ken dit as Shavu'ot of besef die verbintenis met die gebeure by Sinai soos dit in Exodus hoofstukke 19 en 20 beskryf word, want dit word nie vir hulle geleer nie!

Maar in ons Torahskriflesings, en besprekinge tot hede, weet ons dat na Pesag ('n sinnebeeld van wedergeboorte en bekering) en die deurtog deur die Rooisee ('n sinnebeeld van die waterdoop) moet ons, soos Yisra'el van ouds, by 'Sinai' vertoef om יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, asook die Afgesonderde Gees, te ontvang! Alleenlik dan is ons gereed om die tog deur die wildernis van hierdie wêreld na die beloofde land, naamlik die beloftes en seënninge, aan te pak!

Soos Yisra'el van ouds by die berg Sinai het die volgelinge van Yeshua die sigbare manifestasie van יהוה die Almagtige gesien en gehoor. Dit was soos 'n magtige stormwind en dit het die hele huis, waarin hulle gesit het, gevul (Hand. 2:2). Hier sien ons die duidelike ooreenkoms met dit wat by Sinai gebeur het!

Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien het hulle gebewe en op 'n afstand bly staan. Ex. 20:18.

Net soos Yisra'el van ouds het die studentevolgelinge van Yeshua ook die manifestasie van יהוה se woorde soos tonge van vuur gesien! Anders as met Yisra'el by die berg het die vuur van יהוה egter nie die Torah op kliptafels geskryf nie, **MAAR** wel op die tafels van die harte van elke gelowige in Yeshua!! Dit was die vervulling van die profesie deur Yirmeyahu:

<sup>31</sup> Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra'el en die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond sal sluit,

32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek Meester oor hulle was,” verklaar יהוה.

33 Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra’el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.

34 Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יהוה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יהוה, “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.” Jer. 31:31-34.

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs bevestig ook in Heb. 8:8-12 die vervulling van hierdie profesie.

Vandag moet ons egter vra: Wat het in die daaropvolgende jare na die uitstorting van die Afgesonderde Gees gebeur? Dit is veral belangrik om te verstaan hoe die gemeente van Handelingte georganiseer was en hoe hulle gefunksioneer het. Dit is tog sekerlik ons doel om soos ‘n gemeente van Handelingte te wees?!

Ek vra vandag aan elkeen die vraag wat ek myself dikwels vra, naamlik: Wat moet ons almal wat uit die misleiding van die Christendom kom se ‘missieverklaring’ wees? My antwoord behels die volgende: Ons moet studentevolginge (dissipels en priesters) van Yeshua ons Meester wees wat in die voetspore van die gemeente van Handelingte en die Afgevaardigdes (Apostels) stap!

Maar die Messiaanse Beweging se visie (doelwit) het egter weg beweeg van dit wat die Skrifte van die Nuwe Verbond ons leer, en van dit wat deur die gemeente van Handelingte begin was, en deur die Afgevaardigdes verkondig was! Die terugkeer na ons Hebreeuse wortels het die meerderheid so verblind dat hulle die verkondiging en uitleef van die instruksies (Torah) van die nuwe verbond verwaarloos, veral ten opsigte van:

- Die boodskap van Yeshua as die enigste versoening met יהוה. Die meerderheid het studentevolginge van Rabbynse Judaïsme en die Torah van Mosheh geword en sodoende hulle roeping as studentevolginge van Yeshua vergeet, of is dit eerder ‘n geval van verloën?!
- Die gawes van die Afgesonderde Gees en die vyfvoud-bediening.

Waar is die balans tussen dit wat ons in die Christendom agtergelaat het en dit wat die huis van Yah’udah vaskleef. Hoekom is daar weinig bedieninge wat die organisasie struktuur van die gemeente van יהוה, soos dit in die Nuwe Verbond vir ons gegee word, verkondig en implementeer? Hoe dikwels hoor jy en ek uit die gelede van die Messiaanse Beweging leringe oor die gawes van die Afgesonderde Gees en die vyfvoud-bediening van afgevaardigdes, profete, evangeliste, herders en leraars?

Hoekom het die fokus van hierdie kernwaarhede van die Nuwe Verbond feitlik in die niet verdwyn? Ons moet dit wat die Christendom ons geleer het nie totaal verwerp inruil vir Rabbynse Judaïsme nie! Nee, dit kan ons beslis nie bekostig nie, want dan het ons slegs die misleiding van die Christendom verruil vir die misleiding van Rabbynse Judaïsme.

Daarom glo ek dat dat die oproep in Open. 18:4-5 nie net op die Christendom van toepassing is nie, maar ook op diegene wat vasgevang is in die Messiaanse Beweging en Rabbynse Judaïsme, naamlik: *Gaan uit haar uit My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie.....!!*

In die artikel “In Die Voetspore Van Die Gemeente Van Handeling” word hierdie meer volledig bespreek. Hierdie artikel is aflaaibaar by: [Die VoetsporeGemeenteHandeling](#). Die volgende artikel word ook aanbeveel: “Hebreeuse Wortels of Hebreeuse Worsteling” en is aflaaibaar by: [HebreeuseWortelsWorsteling](#).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Gelowiges wat uit die tradisionele Protestante Kerke nou in die Messiaanse Beweging is, het meesal weinig kennis en ondervinding van die vyfvoud-bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees. Hierdie ‘onkunde’ en gebrek aan belangstelling word daarom voortgesit in die Messiaanse Beweging. Daarteenoor is gelowiges wat uit die Pinksterkerke kom en nou deel van die Messiaanse Beweging is, wel bekend met die vyfvoud-bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees, maar hulle is dikwels so ontnugter deur veral die misbruik van hierdie gawes, dat dit verkieslik nou vermy word. Hierdie is ‘n jammerlike toestand wat verhinder dat gelowiges in die Messiaanse Beweging kan funksioneer soos die gemeente van Handeling. Wat kan hieraan gedoen word? Is dit nie broodnodig dat beide die vyfvoud-bediening en die gawes van die Gees van Afsondering weer ‘herondersoek’ moet word nie? Onthou: Rabbynse Judaïsme kan ons nie aangaande hierdie waarheid leer nie!

### **Die Shabbat en die Nuwe Verbond.<sup>2</sup>**

Hoekom het die vierde gebod van die Shabbat so ‘n verskilpunt geword? Hoekom is dit so dat die oorgrote meerderheid van die sowat 1,9 biljoen mense wat hulself as Christene beskou die gebod van die Shabbat minag? Is dit wat die Apostoliese Skrifte ons leer, of is dit die leerstelling van mense? Het die vierde gebod verander – die enigste van die tien gebooe wat deur יהוה die Almagtige herskryf is?

Hierdie is belangrike vrae, want ons weet dat enige iemand wat die tien gebooe willens en wetens met minag bejeen, sal nie die Koninkryk van God beërwe nie soos in Hebr. 10:26-31 bevestig word.

Die vraag wat elkeen dus moet beantwoord, is wat leer die Skrifte van die nuwe verbond ons aangaande die vierde gebod van die Shabbat? Geld Ex. 20:8 steeds, naamlik: *Onthou om die Shabbatdag afgesonderd te hou?* Of leer die Skrifte van die nuwe verbond ons dat die Shabbat nie meer van toepassing is op gelowiges wat Yeshua as dié Gesalfde Een bely nie?

Die Christendom glo en leer dat die gelowiges van die nuwe verbond nie die vierde gebod hoef te onderhou nie. Hierdie geloofsoortuiging is op grond van die siening dat deur die onverdiende guns van die nuwe verbond is die vierde gebod van die Shabbat opgehef en is dit vervang met Sondagaanbidding, naamlik die eerste dag van die week as die ‘dag van die Here’.

Verskeie sogenaamde bewyse hiervan word voorgehou! Onder andere word gesê dat daar nie een teksvers in die nuwe verbond is wat bevestig dat die Shabbat steeds gedenk en afgesonderd moet word soos wat God dit in die tien gebooe bepaal het nie.

In dié verband word ondermeer Heb. 4:1-11, en spesifiek vers 9, aangehaal as bewys dat die Shabbatgebod opgehef is! in die 1953 vertaling lees vers 9 soos volg: “Daar bly dus ‘n sabbatsrus oor vir die volk van God”.

<sup>2</sup> Hierdie is ‘n hersiening van die notas vir Parashah 17 van 2016/17

Heb. 4:9 word dus deur die Christendom gebruik as 'n bewys dat die Shabbatgebod opgehef is en dat hierdie teksvers slegs verwys na die rus wat elkeen ondervind wat Yeshua as dié Gesalfde Een bely, naamlik die rus in vergifnis van sonde en versoening met God!

Maar is dit die betekenis van hierdie teksvers, en is dit wat die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons in Heb. 4:1-11 leer, naamlik dat die Shabbat onder die nuwe verbond slegs 'n sinnebeeld is van die rus in die onverdiende guns in Yeshua en daarom, so word geglo, is die vierde gebod opgehef!

Maar dan moet ook gevra word of Heb. 4:9 korrek vertaal is? Is dit nie dalk met 'n teologiese bril vertaal nie, naamlik om te bevestig wat die vertaler se geloofsoortuiging oor die Shabbat is?

Die vraag is dus: Wat is die betekenis van sabbatsrus in Heb. 4:9? Is hierdie teksvers dus die bewys dat die Shabbatgebod opgehef is en met Sondag as 'die dag van die Here' vervang is? Of is dit die bewys en bevestiging dat die Shabbat steeds onderhou moet word?

Maar kom ons kyk eerstens na enkele verskillende vertalings van Heb. 4:9:

Daar bly dus 'n **sabbatsrus** oor vir die volk van God (1953 vertaling)

Vir die volk van God wag daar dus nog die **ware rus** – soos God op die sewende dag gerus het (Lewende Bybel).

Daar wag dus nog steeds 'n **sabbatsrus** vir die volk van God (Nuwe Vertaling).

There remaineth therefore a **rest** to the people of God (KJV).

There remains, therefore, a **Sabbath rest** for the people of God (ISV),

Die Grieks vir *Sabbatsrus en Sabbath Rest* in Heb. 4:9 is die Griekse woord *sabbatismos* (Strong's G4520). Wat is dus die betekenis van *sabbatismos* volgens gesagbehebbende bronne?

#### **Thayer's Greek Definitions:**

- *A keeping Sabbath.*
- *The blessed rest from toils and troubles **looked for in the age to come** by the true worshippers of God and true Christians.*

#### **Dakes Annotaited Reference Bible:**

- *Keeping of the sabbath.*
- *Resting from toils and trouble **in the life to come.***

#### **Easton's Bible Dictionary**

- *A Sabbath rest, a rest from all work, a rest like that of God when he had finished the work of creation.*

#### **Fausset's Bible Dictionary**

- "There remaineth a keeping of sabbath to the people of God."



Volgens bogenoemde is dit duidelik dat die vertalings van Heb. 4:9 in die Afrikaanse Ou Vertaling (AOV), die Lewende Bybel, die Nuwe Vertaling, die King James (KJV), die International Standard Version (ISV) en vele ander vertalings met 'n teologiese bril gedoen was – naamlik vanuit die oortuiging dat die Shabbatgebod in die nuwe verbond opgehef is en dat dit slegs verwys na die rus in die onverdiende guns van God soos deur Yeshua openbaar word!

Nou moet ons vra: Is hierdie 'n doelbewuste misleiding? Veral gesien in die lig van die volgende voorbeelde van die korrekte vertaling van Heb. 4:9.

So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou (PWL).

Daar bly dus 'n onderhouding van die Shabbat oor vir die volk van Elohiem (Woord en Getuienis).

So there remains a Shabbat-keeping for God's people (Complete Jewish Bible).

So there remains a Sabbath-keeping<sup>a</sup> for the people of Elohim. Footnote: <sup>a</sup>The Greek word is sabattismos, which means Sabbath-keeping (The Scripture 2009).

Maar in Heb. 4:1-11 kom die woord *rus* wel ook voor in verse 1, 3 (twee keer), 4 (gerus), 5, 8, 10 (twee keer) en 11. In die 1953 vertaling lees dit soos volg:

<sup>1</sup>Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy **rus** in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie.

<sup>2</sup>Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.

<sup>3</sup>Want ons wat geglo het, gaan die **rus** in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my **rus** nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.

<sup>4</sup>Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke **gerus**;

<sup>5</sup>en nou hier weer: Hulle sal in my **rus** nie ingaan nie.

<sup>6</sup>Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie,

<sup>7</sup>bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.

<sup>8</sup>Want as Josua aan hulle **rus** gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie.

<sup>9</sup>Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God;

<sup>10</sup>want wie in sy **rus** ingegaan het, **rus** ook self van sy werke soos God van syne.

<sup>11</sup>Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié **rus**, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.

Die vraag is dus: Watter Griekse woorde word in hierdie verse vir die woord *rus* gebruik en wat is die betekenis daarvan? Die verskillende Griekse woorde wat as *rus* in Heb. 4:1-11 vertaal word, is die volgende:

In verse 1, 3, 5, 10 en 11 is die Griekse woord *katapausis* (Strong's G2263) en beteken: *berusting, kalmte, stilte*. Dit het dieselfde betekenis as die Hebreeuse woord *nuach* soos in Ex.

33:14, (Strong's H5117) en beteken: *to rest, settle down and remain; to repose (verposing), have rest, be quiet*. Volgens Faucit's Bible Dictionary: *rest from weariness: as the ark rested on Ararat after its tossings; as Yisra'el, under Joshua, rested from war in Canaan*. En onthou: Noag se naam beteken *rus*!

So kan ons byvoorbeeld Heb. 4:3 en 10 vrylik soos volg vertaal:

<sup>3</sup>Want ons wat geglo het, gaan die (*katapausis*) **berusting, kalmte en stilte** in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my **berusting, kalmte en stilte** nie ingaan nie – alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.

<sup>10</sup>want wie in sy (*katapausis*) **berusting, kalmte en stilte** ingegaan het, sal ook self (*katapausis*) **berusting, kalmte en stilte** van sy werke vind, (*soos die ark op Ararat na die vloed en soos Yisra'el onder Josua na die oorloë*), soos God van syne.

Die Griekse woord vir *rus* in verse 4 en 8 is *katapauo* (Strong's G2664) en beteken: *tot rus of stilstand kom; ophou, staak*.

So kan ons byvoorbeeld vers 4 vrylik soos volg vertaal:

Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke (*katapauo*) – **tot rus en stilstand gekom; opgehou en Sy werke gestaak**.

Met verwysing na Shabbat lees ons in Gen. 2:3 (PWL) die volgende:

En God het die sewende dag geseën en dit afgesonder omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat God geskep het in 'n God-eie manier.

Die Hebreuse woord vir *gerus* in hierdie vers is *shabath*, (Strong's H7673) en beteken: *om op te hou werk; werk te staak en om te rus*.

Ander Griekse woorde vir *rus* wat in die Skrifte van die nuwe verbond gebruik word is die volgende:

Matt. 11:28 – “Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle **rus** (Grieks: *anapausis*) gee”. Volgens Strong's (G373) beteken dit: *Om te rus van vermoedheid of van tamheid* en volgens Thayer's Greek Definition beteken dit:

- *To cause or permit one to cease from any movement or labour in order to recover and collect his strength.*
- *To give rest, refresh, to give one's self rest, take rest*
- *Keep quiet, of calm and patient expectation.*

In 2Thess. 1:7 lees ons: “...en aan julle wat verdruk word, verligting (*rus*) te gee....” (AOV); “...en julle wat lyding ontvang, saam met ons, sal lewe (*rus*) ontvang...” (PWL); “And to you who are troubled rest with us....” (KJV).

Die woord *rus* in hierdie vers is *anesis* (Strong's G425) en beteken: *Ontspanning*. Volgens Thayer's Greek Definitions is die betekenis:

- *A loosening, relaxing (spoken of a more tolerable condition in captivity, to be held in less vigorous confinement).*
- *Relief, rest, from persecutions.*

Volgens Fausset's Bible Dictionary is die betekenis: *relaxation from afflictions*. Dit is om te rus van beproewinge.

**Let Wel:** Die enigste plek in die Skrifte van nuwe verbond waar die Griekse woord *sabbatismos* dus gebruik word is in Heb. 4:9. En die klem van die betekenis van hierdie woord is op die Shabbat en nie op rus nie!!

Daarom is die korrekte vertaling van Heb. 4:9 dus:

So bly dit dus, vir die mense van God, **om die Shabbat te hou**.

Heb. 4:9 bevestig dus dat die gelowige in Yeshua as dié Gesalfde Een steeds die Shabbat moet gedenk en afsonder!

Maar wat wil die skrywer van die brief aan die Hebreërs ons dan in Heb. 4:1 tot 11 leer aangaande rus?

Vers 10 en 11 bevat die kerngedagte waar hy skryf:

<sup>10</sup>want wie ook al in **Sy rus** ingegaan het, **rus** ook self van sy werke net soos God van Syne.

<sup>11</sup> Laat ons daarom moeite doen om in te gaan in **dié rus** sodat ons nie dalk val soos die wat nie oortuig is nie.

Eerstens: Soos wat יהוה gerus het van die werk van Sy skepping; net so moet die gelowige in Yeshua rus van alle pogings om redding deur werke te probeer verdien, maar ons moet rus in die voltooid werk van Yeshua aan die folterpaal. Soos Sha'ul dit in verskeie van sy briewe baie duidelik stel: Redding is alleenlik deur vertrou in Yeshua en nie deur werke van die Torah (wet) van Mosheh nie!

<sup>27</sup> Waar is dan die roem? Dit is uitgeskakel. Deur watter wet? Dié van doen van die wet? Nee, maar deur die wet van vertrou.

<sup>28</sup> Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die mens onskuldig verklaar word deur vertrou en nie deur die doen van die geskrewe wet nie. Rom. 3:27-28.

Tweedens: Ons hoef nie meer die werke van die offerandes volgens die Torah van Mosheh te doen nie! In Yeshua is die offerandes volbring – Hy was die eenmalige offer (Heb. 7:25-28). Daarom rus ons in die wete dat die fisiese offerandes van die tempel tot 'n einde gekom het. Yeshua was ook die einddoel van hierdie deel van die Torah van Mosheh (Rom. 10:4).

Hoewel ons daaglik rus in die voltooid werk van Yeshua moet ons steeds die Shabbat weeklik fisies op die sewende dag gedenk, want soos Heb. 4:9 duidelik sê: “So bly dit dus, vir die mense van God, om die Shabbat te hou”.

Die onderhouding van die Shabbatgebod gee fisiese rus, maar die werklike seën is geestelik, want ons wat vertrou en gehoorsaam is, en die Shabbat gedenk en afsonder, gaan יהוה se rus in. Hierdie is יהוה se *katapausis*, naamlik Sy berusting, kalmte en stilte te midde van alle omstandighede. Dit is om soos Noag veilig in die ark te wees en na die sondvloed tot rus op Ararat te kom. Dit is om soos Yisra'el van ouds onder die aanvoering van Y'hoshua, die sinnebeeld van Yeshua, tot rus te kom na die oorloë om Ken'an in besit te neem.

Weiering om יהוה se Shabbat te gedenk beteken jy sal nie in יהוה se rus ingaan nie! Dit is om moedswillig een van die tien gebooue te oortree en dit beteken dat daar is vir jou geen onverdiende guns nie!

26 want as iemand opsetlik sondig nadat hy die kennis van die waarheid ontvang het, is daar nie 'n offer wat agterna geoffer kan word vir sondes nie,

27 maar die verskriklike oordeel van die verterende vuur, wat die teëstanders sal verteer.

28 As iemand teen die wet van Moshe oortree het, sterf hy op die getuienis van twee of drie sonder oorsien.

29 Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy ontvang wat die Seun van God vertrap het en die bloed van Sy verbond gewoon geag het, wat daardeur afgesonder is en die Gees van onverdiende guns verag het?

30 Ons ken Hom wat gesê het: “My kom die wraak toe, Ek sal terugbetaal,” sê יהוה; en weer: “יהוה sal Sy volk oordeel.”

31 Dit is verskriklik erg om in die hande van die lewende God te val. Heb. 10:26-31

Daar was, en is steeds, die weeklikse Shabbat, maar eendag sal daar die volmaakte ewige Shabbat wees. Dit is die toekomstige rus – die hemelse Shabbat – waarna ons verlang en waaraan ons onself weekliks herinner wanneer ons die Shabbat gedenk. Daar is 'n toekomstige rus waar alles 'n Shabbat sal wees!

Hierdie toekomstige hemelse Shabbat sal 'n ewige rus wees waar ons geen vermoedheid, hartseer, siekte, verdrukking en sonde sal ondervind nie – 'n rus in die voltooide herstel van alles tot soos dit was voor die sondeval. ‘Eden lost; Eden restored’!

12 Hier is die volharding van die afgesonderdes: hulle wat die opdragte van God uitvoer en getrou bly aan Yeshua.

13 Ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf: geseënd is die dooies, wat van nou af in ons Meester doodgaan, ja, sê die Gees, want hulle rus van hul dade.” Open. 14:12-13.

Die sewende engel het sy fles in die lug uitgegooi en 'n harde stem het vanaf die tempel, van voor die Troon, uitgegaan, wat gesê het: “Dit is afgehandel.” Open. 16:17.

Shabbat is 'n ewige teken en 'n verbond dat ons יהוה se volk is soos wat in Exo. 31:12-17 bevestig word:

12 יהוה het met Moshe gepraat en gesê:

13 “Jy egter, moet met die kinders van Yisra'el praat en sê: ‘Julle moet sekerlik My Shabbatte hou, want dit is 'n teken tussen My en julle regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder.

14 Onderhou daarom die Shabbat, want dit is vir julle afgesonder. Hy wat dit verbreek, moet die dood sterf, want wie ook al daarop werk doen, dié persoon moet afgesny word vanuit sy volksgenote.

15 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is daar 'n Shabbat van volkome rus, afgesonder tot יהוה. Wie ook al enige werk doen op die Shabbatdag, moet die dood sterf;

16 daarom moet die seuns van Yisra'el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

17 Dit is 'n ewige teken tussen My en die seuns van Yisra'el, want in ses dae het יהוה die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris.”

### **Bepeins of Bespreek.**

1. Diegene wat glo dat hulle vry is van die wet (Torah) sal op vrae soos: *Mag jy steel, mag jy begeer, mag jy moor, mag jy egbreek pleeg of enige derglike dinge doen*, onmiddelik *Nee* antwoord. Hulle erken dus dat Christene die tien gebooie moet onderhou – al die

gebooie behalwe die vierdie gebod van die Shabbat, want hulle glo, en verkondig, dat die Shabbatgebod opgehef is en vervang is met die eerste dag van die week, naamlik Sondag, “die dag van die Here”. Die Christendom glo dus inderwaarheid dat daar net nege gebooie is, want ek het nog nie gelees of gehoor dat die vierde gebod herskryf is om te lees: *Gedenk die Sondag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die eerste dag is die Sondag, die dag van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie....* Nee, niemand het dit nog gewaag om dit in soveel woorde te sê nie, maar tog is dit juis wat geglo en verkondig word!!!

2. Dit is ook vreemd dat diegene wat steeds die shabbatgebod volgens יהוה se onderrig en instruksies eerbiedig, deur die Kerk gebrandmerk word as onder die wet en daarom van die onverdiende guns verval het. Is dit nie vreemd dat diegene wat nege van die tien gebooie hou as vry van die wet beskou word, maar diegene wat al tien gebooie hou, is onder die wet en is dus hulle redding kwyt? Maak dit hoegenaamd enige sin om so te redeneer? Kyk na hierdie kort video: [https://www.youtube.com/watch?v=uujvhFl\\_Ci0](https://www.youtube.com/watch?v=uujvhFl_Ci0)
3. Wat het יהוה gedoen na Hy op die sewende dag gerus het? Die antwoord is in Gen. 2:3. Let daarop: יהוה God het die sewende dag geseën en dit afgesonder (geheilig) **omdat** Hy daarop gerus het!! Omrede יהוה op die sewende dag gerus het, het Hy hierdie dag geseën en dit afgesonder. Het יהוה, nadat Hy op die sewende dag gerus het dalk ook, soos met die res van Sy skepping, gesien dat dit goed was (Gen. 1:4, 12, 18 en 25). Is dit moontlik die rede hoekom יהוה hierdie dag geseën en dit afgesonder het?
4. Die Afrikaanse *Sh'mar* gebede en belydenis vanuit die Torah en vanuit die Apostoliese Skrifte by hierdie skakel <https://www.youtube.com/watch?v=hfDMIY3v0cQ> is ‘n geskikte wyse en ‘n seën om ‘n Shabbatbyeenkoms mee te begin. Uiteraard is dit ewe geskik vir persoonlike gebruik wanneer jy tyd saam met die Vader wil spandeer.
5. ‘n Volledige studie van die Shabbat kan afgelaai word by: <http://nuwelielied.info/?cat=11>

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*